

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van Dr. H. G. Viljoen.

Uitgewers: Nasionale Pers, Bpk., Bus 692, Kaapstad.

DEEL XIV, No. 426.]

30 MEI 1930.

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSTKANTOOR AS 'N NUUSBLAD.

[PRYS 4D.]

Kultuur, Kultuurontwikkeling en Kultuur-

vernuwing

Toespraak gehou op Kultuuraand in
die Afrikanerkoffiehuys deur

Prof. Dr. J. F. Burger

WAT die mens onderskei van die dier, is sy selfwerksame, skeppende gees. Dit is alleen deur middel van hierdie selfwerksaamheid en skeppingsdrang dat die gees groei en hom ontwikkel. Hierdie proses van geestelike wasdom en selfontwikkeling noem ons die kultuurproses. Om homself uit te druk, om vorm aan sy skepping te gee, het die gees die materie nodig, en die materiële vorme waarin die gees hom openbaar, noem ons kultuurgoedere of kultuurprodukte. Kultuurprodukte besit waarde, omdat hulle geestelike goedere is; materie op sigself besit geen waarde nie, maar is waardevol alleen as draer van geestelike waardes. Materiële dinge is tydelik en verbygaande: geestelike is ewig en onverganklik. As ons dus van die kultuur van 'n volk praat, bedoel ons sy besitting aan geestelike waardes soos hulle in die loop van sy geskiedenis uitdrukking gevind het in sy letterkunde, sy godsdiens, sy filosofie, sy wetenskappe en sy kunstoprokte. Die kultuurstand van 'n volk gedurende een of ander periode van sy bestaan word beoordeel na die mate waarin sy gees aktief en skeppend is gedurende daardie tydperk.

Net soos elke persoon 'n eie individualiteit besit wat hom afsonder van ander persone, so ook elke nasionaliteit. Maar daardie individualiteit is die openbaring van 'n geestelike eiendomlikheid: een mens onderskei hom van 'n ander deur die eenaardigheid van sy geestelike gehalte of geestelike toon. Presies net so met 'n nasionaliteit. Nasionaliteit het as sy grondslag geestelike gemeenskap; dit is 'n groep mense saamgebonde deur gemeenskaplike ideale en 'n gemeenskaplike gees wat hulle onderskei van ander soortgelyke groepe. Hierdie geestelike band wat indiwidue tot 'n nasie saambind, vind sy uitdrukking in die konkrete openbaring van die volksgees—d.i. in die volkskultuur. Die waarde van 'n volk vir die wêreld bestaan dus nie in die hoeveelheid materiële goedere wat hy besit nie, maar in die kwaliteit van sy eiendomlike geestelike besittinge.

Hierdie betragtings gee dan ook vanself antwoord op die vraag: Waarom so 'n geywer vir 'n Afrikaanse kultuur deur middel van kongresse, verenigings, kulturfederasies, kultuurdae, ens.? Ons, Afrikaners, ywer vir 'n eie nasionale kultuur om twee fundamentele redes:

(1) Die enigste bestaansreg van 'n nasionaliteit lê in sy individualiteit—hy het reg op selfstandige bestaan alleen omdat hy anders is as ander nasies d.i. omdat hy 'n eie siel het. Daardie siel word egter alleen openbaar in sy kultuur, en daarom ywer ons vir 'n Afrikaanse kultuur om die wêreld te toon dat ons volk 'n siel het en dus 'n bestaansreg. Dit is ons ideaal en ons trots om ook ons eie kontribusie te maak tot die kultuurskat van die wêreld, al is ons bydrae ook hoe gering.

(2) Ons het tevore opgemerk dat dit die gemeenskaplike geestelike besittings is wat die lede van 'n nasionaliteit tot 'n eenheid saambind. Ons ywer dus vir 'n Afrikaanse kultuur, omdat ons daardie geestelike band wil versterk waarsonder geen Afrikaanse nasie moontlik is nie; omdat ons

'n gemeenskaplike geestelike bodem wil hê waarin elkeen van ons kan wortel. Dit is alleen as deelgenoot in 'n eie nasionale kultuur dat 'n persoon se individualiteit tot sy reg kan kom: sonder daardie deelname besit hy geen geestelike fondament nie en word 'n nonentiteit.

Net soos die indiwidu, so het ook elke volk, en daarmee elke kultuur, 'n lewensloop wat vir alle tye opgesom is in die raaisel van die sfinks: in die môre gaan hy op vier, in die middag op twee, en in die aand op drie. Elke kultuur van die verlede toon duidelik hierdie drie ontwikkelingsstadia aan: (1) kultuuraanvang, (2) kultuurbloei, (3) kultuurverval. In die eerste periode is dit asof die nasionale gees eers bewus word van homself, bewus word van sy bestemming, en soek na die passende vorme waarin hy homself kan uitdruk. In die tweede periode is die gees ten volle bewus van sy doel en strewe, skep met selfbewuste heerlikheid en het die passende vorme vir selfuitdrukking gevind. Dit is die *klassieke periode* in 'n volkskultuur. In die derde periode is dit asof die gees homself uitgeput het, die skeppingskrag en skeppingsdrang verflou, vorm word beklemtoon ten koste van inhoud, die materiële in plaas van die geestelike. Die produkte word ekstensief in plaas van intensief, oppervlakkig in plaas van diep; die geestesprodukte word nou weens hulle oppervlakkigheid maklik wyd en syd versprei, die kultuur ontaard in *siwilisasie*, word kosmopolitits in plaas van nasionaal, en word dus baie maklik as vernis op alle volke afgeverf. As voorbeelde van sulke dekadensverskynsels wil ek hier noem: die Hellenisme wat omstreeks 300 v.K. die toenmalige bekende wêreld oorstroom het; die Grieks-Romeinse siwilisasie, wat Wes-Europa in die eerste 500 jaar ná Kristus vernis het; en die Wes-Europese siwilisasie, wat op die oomblik besig is om sy oorwinningsloop om die aardbol te volvoer.

In so 'n periode van kultuurverval bestaan daar altyd die gevaar dat die uiterlike materiële dinge as openbaring van 'n kultuur kan aangesien word, dat kwantiteit die plek gaan inneem van kwaliteit, en dooie materiaal die plek van lewende gees. Ons vind dan gewoonlik in so 'n tydperk van siwilisasie 'n geweldige ophoping van materiële dinge en tegniese vaardighede, maar die lewendmakende gees is dood, en al wat oorbly, is die doppe en skille van 'n kultuur wat geen voe-

dingskrag of skeppingskrag meer het nie. Onder die dooie gewig van masjinerie, massaproduksie en materialisme gaan die laaste vonkie gees uit, en 'n dooie eenvormigheid is die resultaat.

KULTUURVERNUWING.

Uit hierdie toestand van geestelike doodsheid word nuwe lewe gewek, deurdat 'n jong, kragtige volk 'n toevoer van nuwe bloed en nuwe lewensmoontlikhede in die ou uitgediende beskawing bring. Uit daardie ou beskawing neem die jong volk bestanddele wat geskik is vir sy geestelike groei en vorming, en begin nou weer sy lewensloop van kulturele ontwikkeling tot ook sy bestemming vervul is. Hierdie faktor, nl. bloedmenging, het 'n geweldige rol gespeel in die kultuurvernuwingsproses van Wes-Europa, maar in plaas van vreemde barbaarse volke was dit sedert 1,000 n. K. altyd laer bevolkingsklasse wat telkens nuwe lewe en 'n nuwe kultuurbloei gebring het. So het teen 1,400 die adel die klerikale kaste opgevolg as kultuurvernuwers en kultuurdraers, en het ons die skitterende adellike kultuur van die sestiende, sewentiende en agtiende eeu gegee; in die agtiende eeu het die burgerklas die dekadente adel as kultuurdraers afgelos en daardie taak deur die neëntiende eeu vervul, om teen die einde van die neëntiende eeu weer afgelos te word deur die industriële arbeidstand. In hierdie stadium verkeer ons nou: die kapitalistiese, industrialistiese burgerlike kultuur het 'n wêreldsiwilisasie geword sonder gees en sonder lewe, en die lewensprobleem vir die Wes-Europese beskawing is of die arbeiderklas in staat sal wees om nuwe gees en lewe in daardie doodsbenedere te blaas—m.a.w., of die arbeiderstand 'n siel besit wat in staat is om hom in geestelike goedere te konkretiseer. Vir die laaste veertig jaar alreeds is daar 'n worstelstryd aan die gang van die kant van die industriële arbeiders om 'n eie kultuur te skep—die byna wanhopige pogings op die gebied van die skilderkuns, beeldhoukuns, letterkunde, musiek is tekens daarvan; ook die koorsagtige pogings van die Bolsjewiste in Rusland om 'n proletariese kultuur te skep—maar tot dusver met we'nig vrug. Ons moet gelukkig konstateer dat tot dusver die pogings om nuwe uitdrukkings- en lewensvorme van 'n nuwe etos te vind, misluk het. Maar miskien kom die tyd nog dat die nuwe gees deurbreek, want al hierdie worstelinge is 'n teken dat hy voorhande is.

FAKTORE WAT KULTUURBLOEI BEÏNVLOED.

Hoewel 'n kultuur as geestesprodukt 'n godsgawe is en nie iets wat kunsmatig van buite af aangebring kan word nie, is daar tog faktore wat die gees beïnvloed en 'n kultuurbloei in die hand werk of strem. 'n Paar van hierdie faktore wil ek hier noem, omdat hulle vir ons Afrikaanse kultuur ook van so ontsaglik veel belang is:

(Vervolg op bladsy 21.)

Kultuur, Kultuurontwikkeling en Kultuur- vernuwing

(Vervoeg van bladsy 13.)

(1) 'n *Skok* wat lei tot geestelike ontwakings—gewoonlik in die vorm van vreemde onderdrukking, 'n vryheidsoorlog, vervolging of iets dergelyks. Voorbeelde hiervan vind ons op elke bladsy van die wêreldgeskiedenis—b.v., die Persiese oorloë en die opbloeï van die Griekse kultuur; die kruistogte en die Renaissance; die onderdrukking deur Napoleon en die nasionale en kulturele ontwaking in Duitsland. Besonder tekenend is die invloed van hierdie faktor vir ons in Suid-Afrika: die eerste Vryheidsoorlog in 1880 het die eerste Taalbeweging geweldig bevorder; die tweede Vryheidsoorlog, net so die tweede Taalbeweging. Die invloed van die tweede Vryheidsoorlog op ons volkskultuur kan nouliks oorskat word, want so te sê die hele tweede Taalbeweging—wat liewer kulturbeweging moet heet—is deurdronge van die vreugde en smart van daardie groot nasionale gebeurtenis. Dit is eers in die laaste vyf of ses jaar dat daardie trilling verswak en ander motiewe in ons kultuur 'n rol begin speel.

(2) *Energieoorskot*.—Wanneer 'n volk deur 'n reeks van jare 'n taaie worsteling vir sy bestaan of sy vryheid moet deurmaal, word hy deur daardie stryd gestaaf en versamel dikwels meer energie as vir die stryd self nodig is; daardie energieoorskot gaan dan in die skepping van kultuurprodukte. In besonder bloei die kultuur op wanneer die stryd ophou, en al die opgehoopte energie dan in die diens van geestelike arbeid gestel kan word. Voorbeelde hiervan kan ons by tientalle in die wêreldgeskiedenis vind: (a) Die Persiese oorloë en die Griekse kultuur; (b) die oorloë teen die More en die opbloeï van die Spaanse kultuur; (c) die Tagtigjarige Oorlog en die Nederlandse bloeiperiode in die sewentiende eeu; (d) die tweede Vryheidsoorlog en die kultuuropbloeï in Suid-Afrika; (e) die lang taalstryd en nasionale stryd sedert 1815 in Suid-Afrika.

(3) *Materiële voorspoed*.—'n Sekere mate van rykdom en materiële welstand is nodig vir die bloei van 'n kultuur, om die eenvoudige rede dat daar 'n *aanvraag* vir geestesprodukte moet wees eer 'n kunstenaar sy lewe aan sulke skeppingswerk kan wy; verder, omdat die vrye tyd vir die skepping van kultuurprodukte 'n sekere mate van weelde vorder, anders gaan alle geesteskragte op in die sorg om die daaglikse brood. Die geskiedenis leer ons weer hoedat hierdie twee—materiële voorspoed en kultuuropbloeï—hand aan hand gaan; maar die geskiedenis leer ons ook hoedat alte groot weelde kan aanleiding gee tot geestelike traagheid en verwyftheid en dus tot die dood van alle kultuur. Bestaan daar nie groot gevaar dat, b.v., Amerika aan hierdie siekte kan ly nie?

(4) *Nasionale stede* as brandpunte van kulturele aktiwiteit. Die geskiedenis leer ons weer dat die kultuur sy oorsprong het in die stede, en wel oor die volgende redes:—(a) In die stede heers geestelike aktiwiteit en bestaan wrywing van gedagtes. Hulle is dus besonder geskik om kultuursentra te word. (b) In die stede vind ons die rykdom wat op die platteland dikwels kortkom. (c) In die stede vind ons die vrye tyd vir genot van kul-

tuurprodukte en die menigvuldige geleenthede vir geestelike ontwikkeling, wat 'n onontbeerlike vereiste vir kunstgenot is.

(5) *Groot skeppende geeste*—d.i. nasionale genieë wat in staat is om adekwate uitdrukking te gee aan wat in die volksiel omgaan. Sulke geeste is op slot van sake 'n gawe van God aan die mensheid, en ons kan hulle nie fabriseer nie. Veel kan ons egter doen om hulle verskyning nie te belemmer of gans onmoontlik te maak nie. Ons kan, b.v., 'n aanvraag vir geestelike goedere skep deur die volk tot belangstelling in kunstprodukte op te voed; en hier is dit waar die volksopvoeding so 'n groot rol kan speel. Verder kan ons die volk baie meer in aanraking bring met kultuurprodukte (deur middel van biblioteke, kunsttentoonstellings, voorlesings, ens.), en die materiële welvaart van die hele volk bevorder deur vlyt en spaarsaamheid aan te moedig.

DIE TOEKOMS VAN ONS AFRIKAANSE KULTUUR.

In hoever is hierdie faktore nou besig om die ontwikkeling van ons kultuur te bevorder en sy toekoms te verseker?

(1) Die geestelike skok was daar, maar hy is besig om sy dryfkrag te verloor, en dit word tyd vir ons om te besef dat 'n Afrikaanse kultuur nie op die tweede Vryheidsoorlog alleen kan opgebou word nie. In plaas daarvan moet daar nou ander geestelike probleme kom wat die moderne Suid-Afrika beweeg: die verhoudings tussen wit en swart, die vraagstuk van verarming in ons land, geestelike kriesisse in ons samelewing as gevolg van die botsing van wêreldbeskouing, ens. Hierdie probleme, om die fundamente van 'n kultuur te word, vereis egter geestelik-ontwikkelde kultuurskeppers om hulle te behandel. (Is dit miskien een van die redes waarom mediese dokters en advokate so 'n groot rol gespeel het in ons letterkunde?).

(2) Die energieoorskot werk nog na, en ons sal nog baie geleenthede kry om ons te staal in die stryd wat nog voorlê. Maar dit is geen rede tot pessimisme nie. Reeds die ou Griekse wysgeer Herakleitos het gesê: „Dié stryd is die vader van alle lewe,” en 'n kultuur word gebore uit stryd en spanning, want kultuur is lewe. Die tye verander egter, die einde van die taalstryd is in sig, die tyd van kultuurstryd het aangebreek; maar hierdie slag sal dit 'n stryd wees teen kultuurdoende materialisme en barbarisme.

(3) Ons materiële voorspoed is nou baie groter as in die agtiende en neentiende eeu, maar ons durf nie ons oë sluit vir die treurige feit dat ons

volk bitter-arm is en 'n groot deel daarvan in materiële ellende aan 't versink is nie. Hierin moet ons verbetering aanbring deur die evangelie van arbeidsaamheid en spaarsin te preek totdat dit een van ons volk se geloofsartikels word.

(4) Tot dusver was die gebrek aan nasionale stede ons groot struikelblok. Ons stede was tot onlangs onafrikaans, en ons moes sukkel om 'n kultuur op die platteland aan die lewe te hou. Toestande het in die laaste tyd grootliks verander deur die toestroming van die Afrikaners na die stede. Ons is nou besig om die stede te verower en hulle tot die brandpunte van ons kultuur te maak. In plaas van die geroep: „Terug na die land!” moet ons wagwoord liewers wees: „Trek op na die stede om hulle erflik te besit!”

(5) Die skeppende geeste is op slot van sake die eerste en onmisbaarste vereiste van 'n kultuur. Hulle verskyning is alleen moontlik (a) as daar 'n volksiel bestaan wat na uitdrukking dring; (b) as die algemene geestelike nivo van ons volk verhoog word; en dit kan alleen geskied wanneer ons skole werklik inrigtings word wat geestelike groei bevorder; (c) as die kultuurskeppers self besef dat kultuurprodukte geestelike wasdom vereis en nie in die lewe geroep kan word sonder intensiewe en dikwels smartlike geestelike inspanning nie.

Die lewensprobleem vir ons, Afrikaners, is nie vandag of ons kultuur deur die Engelssprekendes sal doodgedruk word nie—daarvoor is hy veels te lewenskragtig, en het ons 'n alte groot bondgenoot in geografiese faktore: hoe langer die Engelssprekendes met die gees van Afrika in kontak lewe, hoe meer word hulle uitgesig op die lewe soos ons s'n. Tweetaligheid sal ons nie lank meer skei nie, want waar geestelike eenheid bestaan, is verskil van taal geen skeidsmuur nie. Die lewensvraagstuk vir ons kultuur is of hy nie sal verkwyn as hy in aanraking kom met die siellose, materialistiese grootstedse wivilisasie nie; sal ons in staat wees om ons siel te behou in dié siellose omgewing?

Daar is twee maniere om hierdie dreigende gevaar die hoof te bied: (1) deur kultuurarbeid aan die Afrikaners in die stede; en hier moet ek gewag maak van die hoogs waardevolle werk wat die Bond vir Maatskaplike Werk hier in Kaapstad verrig, maar moet tog daarby voeg dat hierdie ekstensiewe werk sal moet vervang word deur intensiewe indien dit die instromende Afrikaners van geestelike ontworteling wil red; (2) deur gedurig frisse krag te put uit die platteland, waar die mense nog aan die boesem van moeder Natuur leun en hulle krag uit haar vernuwe.

Hierdie vraagstuk is des te ernstiger, daar dit die toekoms van die gekleurde rasse in Suid-Afrika sal bepaal. Hulle toekoms en ons s'n hang daarvan af of ons vir hulle geestelike voedsel het om te gee of net die dooie vernis van 'n uitgediende beskawing. Alleen gees kan nuwe gees wek—en hier lê die heerlike bestemming van die Afrikaanse kultuur: om aan die opstrewende, lewensfrissee barbare hulle eie siel te ontdek.